DEEL 114 | WEEK 39 | 30 SEPTEMBER 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Stof wil nie gaan lê nie...



"Heilbron word volgende jaar 150 jaar oud. Daardie gebou is ouer as 140 jaar. Dit beteken daardie gebou is een van die oudste geboue in Heilbron." vertel Dawie Fourie, kultuur-aktivis, oor die sloping wat plaasgevind het op Woensdag 21 September. Alhoewel JC Pretorius deur die FAK asook die Heritage Foundation komitee beveel was om die sloping te staak, het die proses voortgegaan. 'n Vergadering het Dinsdag 20 September plaasgevind waarna JC instruksies sou kry oor die besluite wat die nuwe Pep Home se toekoms sou bepaal. JC het Woensdagmiddag die nuus ontvang dat hy twee opsies het in verband met die gebou. Hy sou òf die gebou moes restoureer of die nuwe gebou met die ou gebou moet inkorporeer. Hendrik Auret, voorsitter van die Heritage Foundation permit-komitee, vertel dat hulle verneem het dat hy voortgegaan het om die struktuur af te breek ten spyte van die feit dat 'n stakingsbevel aan hom gestuur is rakende die sloping. Opsies is aan JC voorgelê: eerstens om die gebou presies te herstel soos dit was of om die boumateriaal te inkorporeer met die nuwe struktuur wat ook hand aan hand gaan met 'n stewige boete. JC sal ook 'n X bedrag bowenal beboet word vir elke dag wat hy neem om die struktuur te bou. Daar word ook beweer dat sou Pretorius hom nie steur aan die opsies nie, dit kan ly tot die oortreding van die wet op Nasionale Erfenishulpbronne (nr. 25 van 1999) wat kan ly tot tronkstraf. Hy het Maandag via sy regsverteenwoordiger 'n brief teruggestuur waarin hy stel dat hy nie dink dit moontlik is om die skade te herstel nie. Hendrik noem dat hy alles teleurstellend vind. Jan-Danie Malan, lid van die FAK, beweer dat die sloping van die gebou ernstige nagevolge vir Pretorius inhou. Die saak is oorhandig aan die Raad van die Freestate Province Heritage Resources Authority wat sal besluit watter roete hulle sal volg in lyn met wetgewing. Daar word ook beweer dat Pretorius se bouplanne nie onderteken is nie en dat hy voortgegaan het sonder enige goedkeuring. Alhoewel inwoners in Heilbron verstaan dat historiese geboue bewaar moet word, verstaan mense nie waarom Pretorius as voorbeeld gebruik word om 'n punt te maak nie. 'n Facebook gebruiker het haar opinie gelig deur te sê dat die ou Poskantoor en Landdroskantoor ook historiese geboue was, en dit 'n groot jammerte is dat dit gesloop was, maar haar mening is dat diè slegs 'n ou gebou is. Verskeie ander inwoners wil weet waarom daar nie enigsins iets gedoen is toe daar veranderinge aan die Hotel, wat wel ' historiese gebou is, aangebring is oor die jare nie. Die tyd is ryp dat Heilbron se historiese aktiviste 'n formele historiese bewaringsliggaam stig om te verhoed dat enige soortgelyke insidente in die toekoms sal plaasvind.

*Op die foto: Jan-Danie Malan*









# *Uit die pen:* Week 39 van 2022



Die eerste dag by die nuwe skool het aangebreek. Ek weet glad nie waar om te parkeer nie. My hele trollietas kom saam skool toe, alhoewel net my skootrekenaar daar in is. Ek bekyk die vooraansig van die skool en bid, want ek weet nie wie of wat vir my wag nie.

Die personeelkamer wemel van die mense. Ek sien een van my nuwe kolllegas, wat ek die week vantevore by die skool ontmoet het, en gaan sit by hulle tafel. Hulle wys my waar ek tee kan kry. Later sal ek hoor dat die skool se agnostikus na ons tafel verwys het as die "old, white, Christian women" se tafel.

Wel, ek is nog nie oud nie. Ek is wel wit en ek is 'n Christen. En as jy kan sien dat ek 'n Christen is, soveel te meer.

Die skoolhoof kom in en doen die afkondigings. Toe die skoolklok lui, is ek momenteel verstom, want dis asof die personeelkamer homself ontruim. Binne minute is die personeelkamer dolleeg. Ek probeer byhou met my trollietas, maar ek verdwaal op pad na my klas toe.

Die meisies is almal netjies aangetrek, daar is nie een wat met 'n selfoon op die oor rondstap nie. Hulle mag dit wel gedurende pouse gebruik, maar volgens die skool se reëls, wat die ouers ook geteken het, mag die fone gekonfiskeer word indien dit tydens klasure gebruik word.

In my nuwe klas skryf ek my van op die bord en stel my aan elke klas voor.

"Ma'am, are you from Russia?" Ja, my kind, glasnost en perestoika vir jou, wou ek sê. Hoe bring jy my by enige Rus? Is my Engels so vrot of staan ek maar net van nature uit soos 'n seer duim, wonder ek. Hoe op aarde bars ek nou daardie kind se borrel deur te vertel dat ek van die Vrystaat af is en nie van Rusland nie?

Net om dit in perspektief te stel: Wanneer jy in Gauteng woon, kan jy in Centurion of Woodlands of Fourways of Krugersdorp woon. Wanneer Gautengers hoor dat jy van die Vrystaat af kom (veral die skoolkinders), ken hulle slegs die Vrystaat. Met groot moeite sal hulle dalk weet waar Bloemfontein is, maar hulle sou nooit kon raai dat daar so 'n dorpie soos myne is nie.

Met pousetyd stap ek dorstig personeelkamer toe. Hierdie keer neem ek tee en gaan sit by die old, white, Christian women se tafel. 'n Uiteenlopende groep mense: Aleixis is nog nie 25 nie. Verosha is 'n pragtige Indiër wat 'n Christen is, Eugenia het rooi hare, Sandy is al amper 100 jaar by die skool en sy hou van swem. Alice is amper 200 jaar by die skool en hou van orgidieë. Daar is 'n dame wat Tshwana gee en nog drie ander persone. Ek hou myself maar stil, want ek weet nie wat om te sê nie. Ek is steeds verstom deur die skool.

Wanneer ek iemand hoor kla dat haar digitale projektorskerm skeef is, wonder ek wat sy sou sê wanneer sy agterkom dat sommige skole in die distrik waar ek gewerk het, nie eers skryfborde het nie.

Die skoolhoof se sekretaresse nooi jou vir 'n vergadering tydens 'n af-periode, sonder 'n bohaai. Jy kry bloot 'n uitnodiging per e-pos en daar is geen opsie om dit nie aan te neem nie.

Met my aankoms is die meisies besig om te oefen vir die groot musiekblyspel wat hulle gaan opvoer. Ek moet opsluit kaartjies koop. Ek is verstom aan die goed geoliede masjien: hierdie een verkoop die kaartjies, daardie een doen die besprekings. Iemand is verantwoordelik vir die meisies wat buite in rye moet staan. Daar is 'n sameroeper vir die verhooggrimering. Iemand anders het klaar die programme laat druk. Eetgoed word voor die vertoning bedien en orals staan meisies wat daarmee help. Netjies uitgevat in hulle skoolklere.

Toe breek die middag aan: jip, hokkieoefening. Ek weet darem teen hierdie tyd waar die hokkiebaan is, en ek kan myself soontoe help. Dis 18:00, en die groot spreiligte is al aan. Die meisies kom al laggende by die "dugout" aan. Ek sit en vergaap myself aan hulle interaksie met die afrigter.

Afrigters word deur die skool gekontrakteer vir 'n seisoen. Indien jou span goed doen, word jou kontrak hernieu. Indien nie: nou ja.

Die afrigter gaan deur die opwarmingsoefening, en ek is weereens verstom. Die kaptein neem die voortou en die span begin met ritmiese oefeninge. Die volgende wedstryd is binnekort en hulle moet 'n paar nuwe strategieë probeer.

So gebeur dit ook dat my eerste wedstryd aanbreek. My goeie man is baie opgewonde, hardloop langs die veld, skree en moedig almal aan. Die ouers sit redelik stil op een plek. Wanneer hulle dogter die kans kry om die bal te slaan, skree die ouer hartlik saam, maar slegs vir die dogter en nie die span nie. Vreemd, dink ek. Een van die ouers vra my goeie man of hy ook sy dogter ondersteun? Nee, sê hy, hy ondersteun die span.

O, sê die ouer.

Een van die spelers kry 'n geel kaart en word vir 10 minute na die yskas gestuur. Natuurlik het ek hierdie deel eers daardie dag geleer, want ek het nie geweet vir hoe lank 'n geel kaart jou uit aksie hou nie, ook nie waar die yskas is nie. Maar ek het gou geleer. Hoe sê die Engelse: "Fake it until you make it."

Ek het een keer, tydens 'n oefening, boeke uitgehaal om te merk, totdat iemand in my oor kom fluister het dat ek my aandag by die baan moet hou. Al is ek net die spanbestuurder, mag ek glad nie ander werk doen terwyl die span oefen nie.

Vertel dit nou vir iemand wat aanmekaar besig is. Ek vind later maniere om deur 'n uur se hokkieoefening te kom. Al frustreer dit my soms grensloos. Ek kom twee keer per week teen 19:15 by die huis, na afloop van die hokkieoefening.

In my stilligheid wonder ek hoe die personeel dit uithou.

# PROJEKTE VAN R30m "STAAN DOODSTIL"

Twee peperduur projekte in Heilbron wat vandag (30 September) volgens kontrak voltooi moes wees staan steeds verlate en onbruikbaar. "Wat gebeur met die projekte, waar is die geld?" vra DA-raadslid Robert Ferendale.

Herald het verlede maand berig (Herald, 12 en 19 Augustus) dat 'n nuwe voetgangerbrug tussen Sandersville en Seksie S gebou word. Werk het glo in Februarie begin en moes vandag voltooi word.

"Maar net een kwart is voltooi, en weke lank reeds was daar, behalwe een dag verlede week, geen werkers op die perseel te sien nie," het Rdl Ferendale gisteroggend aan Herald gesê.

Dit ondanks 'n bykomende R7,6 miljoen wat Ngwathe se nuwe raad verlede Desember goedgekeur het. Dit het die totale kontrakkoste tot R30 miljoen verhoog.

Die bykomende geld was vir 'n geplaveide toegangspad na die brug. Maar "byna niks" het op die terrein gebeur nie, beweer Ferendale.

Rdl Ferendale het aan die munisipale projekbestuurder geskryf om antwoorde. "Maar hy swyg." DA-raadslid Saal de Jager, 'n sakeman van Parys, het formeel gevra dat die kwessie weer op die agenda van die volgende vergadering van die Infrastruktuurkomitee gevoeg word. "Ek, en raadslede van ander partye, ook van die ANC, het reeds vrae gevra," sê hy, "maar min het daarvan gekom." Herald verstaan dat kommer ook gistermiddag uitgespreek sou word in MPAC, die staande raadskomitee wat munisipale onreëlmatighede ondersoek.

# 2023 EEUFEES VIR HEILBRON WORD BEPLAN

Die lente is hier in en wanneer anders is dit 'n beter tyd om te begin organiseer aan 'n eeufees. Heilbron word immers 150 jaar oud in 2023. 'n Stigtingsvergadering sal op 11 Oktober om 18:00 by die NG-Kerk Moedergemeente saal gehou word en 'n beroep word op inwoners gemaak om betrokke te raak.

Die SAPD, korrektiewe dienste, Heilbron munisipaliteit, burgermeester, skoolhoofde, boeregemeenskap, hospitaalbestuurder, nywerheidsforum, belastingbetalersvereniging en verteenwoordigers van verskeie kerke word almal hartlik uitgenooi om die vergadering by te woon. Na die stigtingsvergadering kan die komiteelede koöpteer.

# GESONDE HART VIR 'N GELUKKIGE LEWE

*• Heilbron Kliniek*

September is bewustheidsmaand vir hartgesondheid, wanneer gesondheidspraktisyns poog om die publiek op te voed oor die belangrikheid van 'n gesonde hart.

Dis nie net nodig om 'n gesonde lewenstyl te volg wat dieet en oefening betref nie, maar ook om bewus te wees van die simptome van moontlike hartsiekte.

Dit is uiters belangrik om gereeld cholesteroltoetse te laat doen, aangesien hoë konsentrasies cholesterol in die bloedsomloopstelsel een van die hoofoorsake van hartversaking en hartaanvalle is.

Die toetse kan vinnig by jou plaaslike apteek gedoen word en is glad nie duur nie. Die apteker sal ook die toetsuitslag met jou bespreek en jou raad gee oor hoe om jou cholesterolvlak te verlaag.

Hoë cholesterol, of oormatige lipiede (vet) in die bloed, veroorsaak dat die are vernou, wat verhoed dat bloed vryelik deur die hart vloei. Dit lei daartoe dat minder lewensbelangrike suurstof aan die selle gelewer word, wat die selle laat afsterf.

Wanneer die hartspier se selle afsterf, verswak die hart se vermoë om bloed na ander belangrike organe te pomp, wat veroorsaak dat die organe stadigaan faal.

Risikofaktore vir hartsiektes sluit in ouderdom, 'n familiegeskiedenis van hartsiekte, rook, gebrek aan oefening, en 'n ongesonde dieet. Soos jy kan sien, het jy beheer oor die meeste van dié faktore.

Dis ook belangrik om bewus te wees van die simptome van 'n moontlike hartaanval. Indien jy die volgende ervaar, kan jy dalk in die eerste fase van 'n hartaanval wees:

- Druk/'n Benoude gevoel in die bors met inspanning, wat met kortasemigheid gepaardgaan
- Skielike duiseligheid, sweet en naarheid
- 'n Dowwe pyn in die kaak, linkerarm en rug

Hartaanvalle is soms atipies, deurdat die simptome wat ervaar word, nie algemeen deur die meeste mense ervaar word nie. As jy vermoed dat jy wel besig is om 'n hartaanval te kry en jy al die risikofaktore toon, moenie huiwer om 'n ondersoek by 'n hospitaal te laat doen nie.

Voorkomende maatreëls soos om op te hou of minder te rook, hoë bloeddruk en cholesterol te bestuur, gereeld te oefen en 'n gesonde dieet te volg, is belangrik.

Medihelp bied voordele vir voorkomende sorg vir cholesterol op die meeste van sy voordele-opsies.

*Bron: www.er24.co.za*

*In 'n noodgeval, skakel ER24 by 084 124.*

# SKENK BLOED, SKENK 'N LEWE



*Morena Motloung*



*Marilize Loots*

*SANBS het Dinsdag 27 September die gemeenskap uitgenooi om hul bloed te skenk. Die Bloedbank het 67 eenhede ingesamel en sal ook Dinsdag die 4de Oktober vanaf 11:00 -17:00 by Spar wees vir enige persone wat die vorige geleentheid gemis het om bloed te skenk.*

# BONUS HARDEWARE VIER BRAAIDAG

Na baie beplanning en harde werk het braaidag uiteindelik aangebreek. Bonus Hardeware se span het Braaidag gevier deur hope spesiale aanbiedinge op verskeie items in hul winkel. Groot pryse was ook die dag op die spel. Talle uitstallers het die dag bygewoon en het hul produkte aan die publiek gedemonstreer. Daar was ook musiekvermaak deur Leonardo. Jannie Bornman, eienaar van Bonus Hardeware, vertel dat hy dit graag 'n jaarlikse instelling sou wou maak en dat hy die publiek graag wil bedank vir hul ondersteuning.













# VIER ERFENISDAG



*Cornelius en Vennote het Vrydag die 23ste September Erfenisdag gevier. Op die foto vl: Tshedi Betty Khetsi, Ella Hendriks en Lebohang Mokhali.*

Vacancy

Somill PTY(LTD), Villiers (FS) is on the hunt for an experienced food safety team leader/FSSC 22000 coordinator. To ensure the effective monitoring and improvement of the food safety management system (fsms).
- Min qualification Grade 12
- Own transport

Mail cv's to:
production@somillfs.co.za
Closing date: 15/11/2022
Acceptance date: 09/01/2023

# VROUE "REGEER" NGWATHE MUNISIPALITEIT

Die stadsraad van Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit het tydens 'n dringende spesiale raadsvergadering wat gehou was op 22 September 2022, besluit om Me NT Baleni aan te stel as die nuwe munisipale betuurder. Sy het onder andere voorheen diens gedoen by Metsimaholo Plaaslike Munisipaliteit as superintendent by vullisdienste, as operasionele bestuurder by die Stad Johannesburg, as direkteur van omgewingsgesondheid en nooddienste by Fezile Dabi Distriksmunisipaliteit en as uitvoerende direkteur by Sedibeng Distriksmunisipaliteit.

Me Baleni beskik oor 'n Nasionale Diploma in Omgewingsgesondheid, 'n Bacchalareus graad in Omgewingsgesondheid en 'n meestersgraad in Rampbestuur. Sy het ook die voorgeskrewe bevoegdheidstoets wat vir aanstelling as 'n munisipale bestuurder geslaag moet word, suksesvol afgelê.

Die munisipaliteit word tans gelei deur burgemeester Victoria De Beer Mthombeni en die speaker is Me NP Mopedi. Die direkteur van Gemeenskapsdienste is Me PP Nhlapo en die direkteur van Korporatiewe dienste is Me F Mokgobu. Mnr T Malunga is as direkteur tegniese afdeling tans die enigste manspersoon in 'n direkteurspos by die munisipaliteit, terwyl die pos van hoof finansiële beampte tans tydelik beklee word deur Mnr M Xulu wie as sulks waarneem.

Is hierdie dalk 'n nuwe nasionale munisipale rekord?

BOITJHORISONG RESOURCE CENTRE
FUTURE

REMODELLED TECHNICAL HIGH SCHOOL TEACHER ASSISTANT AND LAB ASSISTANT PROGRAMME: INTERNSHIP OPPORTUNITY

The Boitjhorisong Resource Centre, in partnership with Sasol Foundation and Fezile Dabi Education District, is looking for Youth who already have a Mechanical Engineering or Analytical Chemistry qualification, who can be trained and placed as Technical High Schools' Teacher Assistants or Lab Assistants in the Fezile Dabi District (Free State).

The successful candidates will be employed on an internship basis as Workshop Assistants or Chemical Laboratory Assistants providing a service to Technical High Schools in the district for 12 months, from November 2022. The Internship will provide basic monthly stipends.

Requirements:
- Matric / Grade 12 certificate.
- At least level 5 pass in either English, Technical Mathematics and Technical Sciences or English, Pure Mathematics and Physical Sciences.
- Diploma in Mechanical Engineering or Analytical Chemistry is a must.
- Should have graduated within the past 5 years.
- Valid South African ID.
- Unemployed graduate who resides within Fezile Dabi District (Free State).

Interested candidates must only submit their applications via email to: bohoko@brcsa.org

Applications must be accompanied by:
- a CV
- certified copies of the following documents: Matric Certificate, relevant Qualifications, South African ID, Proof of Residence.

COPIES THAT ARE NOT CERTIFIED WILL NOT BE CONSIDERED.

Closing date: 7 October 2022

Successful candidates will be telephonically informed and be invited for an interview.

CH Tombstones & Granite Works
Countertops & Tombstone Factory
Granite * Marble * Quartz
082 318 8299

# BRONNIES SE GRAAD R-OPEDAG



*Wat 'n suksesvolle en prettige dag!! By Hoërskool Heilbron is dit 'n fees! Die kleintjies weet verseker dat hierdie die plek is om groot te word! "Ouers van 2023 ons is reg om julle boompies te versorg!"*
*Foto erkenning: Tanya van Rooyen*



# ABSA RUN YOUR CITY JOBURG

*Gift Roets, Candice Witbooi en Cecille Mlangeni het die 24ste September aan die ABSA RUN YOUR CITY Joburg 10km deelgeneem. Gift neem gereeld aan kompetisies deel, maar vertel dat hy net vir die lekker hardloop. Meer as 12 000 mense het aan die wedloop deelgeneem.*

# CELEBRATE HERITAGE DAY





*Boitumelong Primary School in Heilbron, Ngwathe, Free State celebrated Heritage Day on 23 September 2022.*
*Photo left the principal Neo Mosia.*

# REITZ LEERDERS PRESTEER



*Die volgende leerders van Hoërskool Reitz is uitgenooi om die Riemlandstreek te verteenwoordig by die Nasionale skietbyeenkoms in Welkom op 7 en 8 Oktober. Drian Oosthuizen, Erich Smit, Herman Meintjes, Janco Oosthuizen, Jancu Steyn. Ewald Smit, Kallie Meintjes, Rober Rooseman, Ruwen Smit, Francois Meintjes. Karla Steyn.*



*Quiriané Charilaou, leerling van Hoërskool Reitz neem deel aan die Afrikaanse 2022 poësie- en skryfkompetisie (INK Skryf in Afrikaans). Twintig van haar skryfstukke word gepubliseer in die bundel Inkspraak3 wat amptelik vrygestel word op die Gala-aand op 12 November in Pretoria.*

# SLUIT SEISOEN AF OP 'N HOË NOOT



*0/7 krieketseuns van Hoërskool Heilbron sluit die seisoen op 'n hoë noot af deur teen Vaalpark te wen by Vaalpark se mini-dag.*
*Op die foto van regs: Gerdus Engelbrecht, Jacobus du Plooy, Jan-Carl Roux, De Villiers Booysen, Hanro Naudé en Sias J van Vuuren.*
*Agter: Juf Linette Rheeder. Stroebel Rossouw en Darius Roos was siek tydens hierdie wedstryd.*


*Hoërskool Heilbron*

**ONDERWYSPOSTE**

**BEHEERLIGGAAM AANSTELLINGS**

**Pos 1: Wiskunde Gr 4 - 5**
**Aanvangsdatum: 1 Januarie 2023**

**Pos 2: Rekeningkunde Gr 10 - 12**
**Aanvangsdatum: 1 Januarie 2023**

Rig volledige aansoek aan:
skoolhoof@hsheilbron.co.za

**Navrae:** Mnr David Knight
Tel: 058 852 3007
E-Pos: dk@hsheilbron.co.za

**Sluitingsdatum: 14 Oktober 2022**




We've got your back!



Herald
Office National

R2450 EXCL VAT

ALISHA CHAIR




Loadshedding got you stuck in the corner? You may as well sit comfortably!


Mid back and visitors chairs available

This price is on the black, blue or burgundy contract fabric, and Leather Look. Swivel tilt mechanism and highback chair.

058 852 3033
finance@heilbron.co.za
Prices valid until end of October 2022


# BRITZ SEUNS PRESTEER





*Die Britz seuns van Hoërskool Gimnasium in Vereeniging is gekies vir IPL Valke se verskeie spanne naamlik: Handré (Bees) Britz 0/16 (links) en Tiaan Briz 0/15 (regs) om deel te neem in Heidelberg by Hoërskool Volkskool vanaf 2 tot 8 Oktober 2022. Hulle neem die naweek deel aan die 7's in Vanderbijlpark.*

# KENNISGEWINGS

**NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES**

**In the Estate of the Late:**
**Surname:** JORDAAN
**First names:** LOUIS HOSEA
**Estate number:** 008212/2022
**Identity/passport number:** 471019 5008 081
**Date of death:** 31/07/2022
**Last address:** 3 Luyt Street, Heilbron
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**In case of a marriage in community of property:**
**First names and surname of surviving spouse:**
REGINA JORDAAN
**Identity/Passport Number:** 460525 0009 083
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**P.O. BOX 205/591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**REF: B0107/0517**
**TEL: 058 852 2035**
**DATE SUBMITTED: 2022/09/19**
**PUBLICATION DATE: 2022/09/30**

# DIENSTE • DIENSTE

DRAADSPAN & HEININGS
Skakel Abraham
060 901 4328

**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak HENDIE LÖTTER by**
Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za

# SUDOKU

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 8 | | | 9 | 6 | | 1 | | |
| 7 | | 1 | 8 | | 4 | | | |
| 6 | 3 | | | 1 | | 8 | | |
| 5 | 2 | | | | | | | |
| | | | 2 | | 6 | | | |
| | | | | | | | 9 | 2 |
| | | 5 | | 2 | | | 1 | 6 |
| | | | 3 | | 7 | 2 | | 5 |
| | | 4 | | 5 | 1 | | | 8 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | | | 8 | | 1 | | | 2 |
| 2 | | 1 | | 3 | | 6 | | 4 |
| | | | 2 | | 4 | | | |
| 8 | | 9 | | | | 1 | | 6 |
| | 6 | | | | | | 5 | |
| 7 | | 2 | | | | 4 | | 9 |
| | | | 5 | | 9 | | | |
| 9 | | 4 | | 8 | | 7 | | 5 |
| 6 | | | 1 | | 7 | | | 3 |

SUDUKU -
Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.








Koppies Internet

Vinnige Wireless Internet, installasies en diens, beskikbaar in Koppies en naby geleë plase.
Kontak ons vir enige navrae of bystand:
068 338 2916

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047
VLEISSENTRAAL

**BLOEDSKENK-DATUMS - 2022**
29 November 2022



**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**POSTNET HEILBRON**
**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**
· STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
· PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
· PRIORITY - 2 HOURS – R395.00

Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za


# SMALLS

## EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

**WINKELURE**
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**

## TE HUUR

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**
***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

HERALD Sport

# HEILBRON WAS NIE GOED GENOEG

Die Ryder Cup '22 sal onthou word as een van Frankfort se beste vertonings tot nog toe. Die span van Frankfort het Heilbron se neuse behoorlik in die sand gevryf en was hulle na dag een behoorlik in die saal met 'n voorsprong van 16 punte teen 4. Heilbron moes diep grawe om die eerste dag se agterstand uit te wis met die enkelspelwedstryde op dag twee. Van meet af het Frankfort sy wurggreep stywer gemaak en kon Heilbron net 4 van hulle enkelspelwedstryde wen en moes hulle druipstert die beker op Frankfort los.

Op 22 Oktober bied die plaaslike AfriForum tak 'n gholfdag aan en spelers word gevra om vroegtydig in te skryf vir die dag.



*Op die foto vl: Julyan Bruyns oorhandig die trofee aan Frankfort se Kaptein en President, Johan Oosthuizen en Christoff Jacobs.*

# ROLBAL WEER AAN DIE GANG

So saam met die somer wat arriveer het, het die nuwe gras lekker gegroei en kon die baan uiteindelik die afgelope Saterdag vir spel geopen word en kon al die rolbal "agtergeblewenes" uiteindelik weer rolbal speel.

Met die hoeveelheid spelers wat opgedaag het, was dit duidelik dat Saterdagmiddag sonder rolbal erg vervelig en frustrerend is, soveel so dat baie manne sommer begin het om die tuin se gras te sny.

Die kalender vir die nuwe rolbalseisoen is lekker vol met die Driespel (Trips) wat weer heringestel is en die Heilbron spelers het reeds hulle spanne bymekaar gekry om die opponente 'n ding of twee te wys.

Die Noord Vrystaat spelers, Rudi en Tracy Jacobs, asook Hannalie Claassen is vol energie vir die kompetisies wat voorlê en is hulle rolballe afgestof en gaan daar baie geoefen word.

Buiten die normale rolbal is daar die ander groot lekkerte wat Donderdagaand begin het, die besigheidsliga, beurtkrag of nie, daar gaan rolbal gespeel word, punt.

Almal is welkom, kom ondersteun jou kollegas of vriende en terwyl jy ietsie in 'n glas geniet kry sommer vir jou 'n ietsie om te eet, maar die eetdingetjie moet jy asb vooraf beste.l

Die ietsie in die glas, dit hoef jy nie vooraf te bestel nie, Edward Muller en sy adjunk sal seker maak daar is genoeg en dit sal koud wees.

Weens die skoolvakansie sal die volgende besigheidsliga wedstryd die 12de Oktober gespeel word. Daardie aand moet julle nie uitmis nie, dan is dit RIBBURGERS uit die boonste gestoeltes, bespreek asb vooraf by die volgende persone:

Hannalie Claassen 079 040 0531 of Elza Kriel 083 988 5712

Kom geniet die rolbal saam met ons.

# INWONERS VAN HUIS BRON-VAN-HEIL WORD BEDERF



*Op Vrydag, 23 September, 'n dag voor nasionale Braaidag het die manne van Hoogte Boerevereniging olv Meneer Cassie Muller soos oudergewoonte weer die inwoners van Huis-Bron-van-Heil bederf met 'n Braaivleis-ete. Van vroegdag af het die reuk van braaivleisvure die tuin van die tehuis gevul, terwyl die eregaste lekker saam onder die bome gekuier het. Dit was 'n besonderse lekker somersdag buite. Almal het die dag baie geniet. Voorwaar iets waarna ieder en elk uitsien in 2023!*

**Die Heilbron Herald se fabriek sluit die 15de Desember 2022 en heropen DV 9 Januarie 2023.**

**Bring asb alle bestellings vir drukwerk, meubels, skryfbehoeftes, ko-operatiewe klere, groot formaat drukwerk so gou moontlik, om teleurstelling te voorkom.**

**Die winkel sluit die 20ste Desember 2022 en heropen DV 5 Januarie 2023.**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

Herald Office National

DIABETES!!

ANTRIO
Dry Cleaners & Laundry
Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
082 344 7005
016 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL

VLEISSENTRAAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
P.J. Müller 060 966 9340
AFSLAER
Ian Grobbelaar 060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia
Corjan de Jager 079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe 082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber 082 489 7424
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (junior) 061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Giliomee 082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald 082 569 7205
JJ HADEBESTRAAT 97 FRANKFORT (Langs Bright Dienste)

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 3 OKTOBER 2022**

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

**DINSDAG - 4 OKTOBER 2022**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

ARLINGTON Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

**WOENSDAG - 5 OKTOBER 2022**

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

VILJOENSKROON: NIEKERKSRUST SAVM STOET
11:00, Niekerksrust
Kontak Danie de Wet 082 778 4537

**DONDERDAG - 6 OKTOBER 2022**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

HLUHLUWE 2-maandelikse veiling
Stoffel Mouton 082 329 0225

**VRYDAG - 7 OKTOBER 2022**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

**SATERDAG - 8 OKTOBER 2022**

POTCHEFSTROOM: RUSWATER DORMER-STOET
11:00, Potchefstroom N12) Rural 1
Kontak Fanie Kruger 082 859 1867

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**